



PAARL - SKOOL



NUUSBRIEF 2/2026

Dankbaarheid is 'n doelbewuste keuse om jou fokus te verskuif na wat goed is in jou lewe.

Dit is met 'n hart van dankbaarheid dat ek terugkyk na nog 'n wonderlike kwartaal. Ek raak net al hoe meer bewus van hóé geseënd Paarl-skool is ten opsigte van sy leerders, personeel en ouers.

Ek is dankbaar vir:

- ouers wat niesteenstaande hul unieke uitdagings die skool ondersteun;
- iemand wat sommer so uit die bloute Paarl-skool nomineer het om die begunstigde te wees van elke loslitplakker wat by Food Lovers Market verkoop word;
- herlewing van Paarl-skool se parasportdeelname, met uitstekende uitslae by die SASAPD nasionale kampioenskappe;
- die viering van nog 'n lewensjaar, die groot bederf deur personeel en leerders en veral vir al die opregte verjaarsdagwense;
- ons kinders wat ten spyte van hul uitdagings, 'n gehoor op hul voete gehad het met hul weergawe van Merchant of Venice by die Shakespeare Festival in die Baxter Teater;
- 'n omie wat die skool sommer-so binnestap, om uit dankbaarheid 'n "goeie saak" te soek, om 'n finansiële bydrae te maak;

- om terug te kyk na 'n personeellid, Rashied Anter, se 21 jaar lojale verbintenis met Paarl-skool;
- mense wat op ons wynveiling enorme bedrae bie "#virriekinnertjies";
- personeellede wat omgee;
- busbestuurders wat ongeveer 1400 km in totaal per dag aflê om ons kinders veilig tussen die skool en hul huise vervoer;
- elke Paarl-skoolleerder se dapperheid, breë glimlaggies, spontaniteit en onvoorwaardelike liefde; en
- ons koorkindertjies wat met "This is Me" die provinsiale South African Schools Choral Eisteddfod (SASCE) in hul kategorie gewen het.

Elke Paarl-skoolkind kan, met reg, hiérdie liedjie se lirieke eggo:

"I am brave, I am bruised
I am who I'm meant to be, this is me
Look out 'cause here I come
And I'm marching on to the beat I drum
I'm not scared to be seen
I make no apologies, this is me"

Groete,

Annaline Norman

Veel meer as 'n skool / More than a school

Prefekte



Kendahl Benting



Callum Frantz

Die prefekte het volstoom aangegaan waar hul in Kwartaal 1 gestop het. Hulle het hierdie kwartaal die kollig op ons grondepersoneel geplaas en hulle bedank dat ons skool se gronde altyd netjies lyk. Die grondepersoneel is bederf met heerlike koek en tee tydens pouse. Die prefekte het waardering uitgespreek teenoor hul harde werk en ook vir Oom Cassie bedank vir sy jarelange diens aan Paarl-skool.

Ons het ook die Funksionele Fase gehelp met die bemaking en afskop van hul blikkie-projek deur 'n opvoering tydens 'n saalbyeenkoms te hou. Op 28 Mei het ons geliefde skoolhoof, Annaline Norman, verjaar. Die prefekte het weereens ingespring en vir haar die oggend in die personeelkamer gesing en geskenke oorhandig.

Die prefekte is "on a roll" en niks kan hulle nou keer nie.

Hoofleiers

EERSTE KWARTAAL

TROTS

op julle!



Waarde van die kwartaal



Verantwoordelikheid

beteken dat jy die dinge doen wat jy veronderstel is om te doen en die gevolge van jou dade aanvaar.

'n Verantwoordelikheid:
iets wat van jou verwag word om te doen.

Om verantwoordelik te wees:

Om te doen wat jy veronderstel is om te doen.

Aanvaar verantwoordelikheid:

Om die lof of die skuld vir iets wat jy gedoen het, te neem.



Biblioteek

Wêreldboekedag

Op 23 April het ons Wêreldboekedag met 'n opwindende tema-aantrekke dag gevier. Leerders en personeel het vol geesdrif en kreatiwiteit aan die geleentheid deelgeneem.



Biblioteekprefekte

Baie geluk aan ons nuutverkose biblioteekprefekte! Dankie vir julle toewyding en entoesiasme. Ons sien uit na 'n wonderlike jaar waar ons saam 'n liefde vir lees gaan bevorder.



Sokker-Wêreldbeker

Om gees te vang vir die 2026 FIFA-Sokker-Wêreldbeker, is klaskamerdeure versier om deelnemende lande te verteenwoordig. Die leerders het op 'n interessante reis om die wêreld vertrek met hul Wêreldbekerpaspooorte.



Moordraaisel

Ter viering van die verjaardag van Sir Arthur Conan Doyle, die skrywer van Sherlock Holmes, het leerders aan 'n opwindende moordraaisel-uitdaging deelgeneem. Die leerders het hul speurvaardighede behoorlik getoets terwyl hulle leidinge gevolg, bewyse ondersoek en saamgewerk het om die waarheid agter die saak te ontrafel. In die raaisel was Hein van der Merwe die "slagoffer" en Corné Swart is as die "moordenaar" ontmasker. Baie geluk aan Graad 9E, wat die saak suksesvol opgelos en die skuldige geïdentifiseer het. Mooi so, Speurders!



Landsdiens



Ons Landsdiens-leerders het die kwartaal op 'n kreatiewe noot begin met 'n uitstappie na Art Jamming in Somerset-Wes. Tydens die besoek het die leerders hul eie slym van nuuts af gemaak en die geleentheid gehad om hul kreatiwiteit uit te leef.

Ons het ook 'n gesellige kunsmiddag aangebied waartydens leerders dekor vir die Landsdiens-kamp, wat in Junie plaasvind, gemaak het. Die middag het gehelp om spanwerk en opgewondenheid vir die kamp te bevorder.

Kultuur

Shakespeare School Festival

Die verhoogligte is gedoof en die gordyn gelig. Ons talentvolle leerders was die middelpunt van belangstelling!

Paarl-skool het gedurende Meimaand weereens met trots deelgeneem aan die jaarlikse Shakespeare Schools Festival South Africa (SSFSA). Hierdie wêreldwye fees, wat by Kaapstad se gesogte Baxter-teater gehou is, gee jong kunstenaars die geleentheid om klassieke, tydlose produksies op 'n professionele verhoog aan te bied.

Ons begaafde groep van 21 leerders het die gehoor betower met 'n vinnige, maar briljante, 20-minuutverwerking van Shakespeare se *The Merchant of Venice*. Om 'n uitgebreide Shakespeare-drama na 'n happiegrootte meesterstuk te reduceer, is nie 'n geringe prestasie nie! Ons leerders het dit met uitnemende grasia, passie en flair hanteer. Daar was dramatiese spanning, komplekse dialoog en elke akteur het hulle beste spel gelewer om te bewys dat talent geen perke ken nie!

“Om ons leerders met selfvertroue en passie op so 'n bekende verhoog te sien optree, was definitief 'n hoogtepunt van die kwartaal. Hulle het nie net opgetree nie, hulle het die kollig besit.”



Redenaars

'n Groepie dapper leerders het onlangs deelgeneem aan Paarl-skool se redenaarskompetisie. Leerders kon een van drie temas kies en moes daaruit 'n oorredende toespraak lewer. Elke spreker het hulle baie goed van hul taak gekwyd en die beoordelaars was beïndruk met die kwaliteit van die toesprake. Daar is nog geleenthede in die komende maande om aan redenaarskompetisies deel te neem en elke leerder word aangemoedig om in te skryf.



NonScenes-Werkswinkel

Op Saterdag, 23 Mei, het vyf van ons leerders deelgeneem aan die Shakespeare NonScenes-werkswinkel. Hierdie inisiatief het hulle aangemoedig om deel te neem aan besprekings oor menseregte, terwyl hulle bekende toesprake uit Shakespeare se toneelstukke oor diskriminasie, geweld, xenofobie, geregtigheid, wraak en genade verken het. Hulle het die geleentheid gehad om deur middel van skryfoefeninge oor hul eie ervarings te besin, en om saam groepopvoerings te skep en daarin op te tree.



Storieskip

Die teatergroep, Storieskip, het Paarl-skool besoek met hul opwindende produksie, Agent Koejawel. Deur kreatiewe toneelspel, musiek en humor het hulle die verhoog laat lewe kry en ons leerders van begin tot einde geboei gehou. Die produksie het nie net vir groot pret en baie lag gesorg nie, maar ook waardevolle lewenslesse oorgedra. Dit was 'n inspirerende en onvergeetlike ervaring vir almal wat dit bygewoon het.



Koor



Ons skoolkoor het uitstekend presteer by die South African Schools Choral Eisteddfod (SASCE). Nadat ons die distriktskompetisie gewen het, het ons deurgedring na die provinsiale rondte waar ons vir die vierde agtereenvolgende jaar as provinsiale kampioene aangewys is. Ons is buitengewoon trots op ons koorlede se harde werk en toewyding. Die koor sal nou die Wes-Kaap by die nasionale kompetisie in Pretoria gedurende die skoolvakansie verteenwoordig.





Sport



Atletiek

Twee van ons leerders, Pieter Venter en Lee-Shay Meyer, was deel van die Wes-Kaapse Hoërskool-en LSOB-atletiekspan wat aan die Suid-Afrikaanse Hoërskole-en LSOB-Atletiekkampioenskappe by Pilditch Stadion in Pretoria deelgeneem het.

Pieter het 'n uitstekende prestasie behaal deur die 6de plek in verspring op nasionale vlak te verower. Lee-Shay het 'n bronsmedalje in die 400 m gewen en was ook deel van die o/15-aflosspan wat goud verower het en as Suid-Afrikaanse kampioene gekroon is.

Ons is ook trots daarop dat Ronel van Dijk deel was van die bestuursspan van die Wes-Kaapse LSOB-span.

Die Wes-Kaapse LSOB-span het uitstekend gevaar en is vir die vierde agtereenvolgende jaar as die Suid-Afrikaanse kampioene gekroon. Baie geluk aan al die atlete en beampes met hierdie besondere prestasie!



SASAPD Kampioenskappe


Ons leerders het uitstekende prestasies gelewer tydens die onlangse para-atletiek-, fietsry-en boccia-kompetisies. Ons is baie trots op hul harde werk, deursettingsvermoë en sportmangees.

In die **para-atletiek** het Johannes Vosloo uitgeblink met 'n goue medalje in verspring en gewigstoot, 'n silwer medalje in diskus, en 'n brons medalje in 100 m. Liyabona Jafta het goud in 100 m gewen, asook silwer medaljes in verspring en gewigstoot. Faith Adams het 'n silwer medalje in gewigstoot behaal. Roshé Hamerslag het twee vyfde plekke behaal, onderskeidelik in gewigstoot en diskus. Ons oudleerder, Alicia Pietersen, het silwer in diskus en brons in gewigstoot gewen, terwyl Kendahl Benting silwer medaljes in beide gewigstoot en diskus verower het.

In die **fietsryafdeling** het Charl Joubert goud gewen in beide die 1000 m-en 3000 m-items. Ndalo Ngwenya het goud behaal in 800 m en 1500 m, terwyl Imaad du Toit ook goud gewen het in beide 800 m en 1500 m.

Tanica Byne het 'n silwer medalje in 800 m en 'n brons medalje in 1500 m verower.

In **boccia** het Ilse du Plessis 'n uitstekende prestasie gelewer deur 'n bronsmedalje in die BC1 Vroue individuele afdeling te wen.



Ons para-atlete het altesaam 3 goue-, 7 silwer- en 2 brons medaljes ingepalm.



Junior Fietsryer van die jaar

Baie geluk aan Charl Joubert wat onlangs aangewys is as Junior Fietsryer van die Jaar tydens die jaarlikse WPSAPD-toekenningsgeleentheid. Hierdie besondere erkenning volg nadat Charl twee goue medaljes gewen en 'n nuwe rekord opgestel het tydens die SASAPD Nasionale Kampioenskappe in Stellenbosch. Charl se harde werk, toewyding en uitstekende sportprestasies is 'n inspirasie vir ons almal. Ons is ongelooflik trots op hom!



Sokker

Hierdie seisoen was tot dusver bittersoet, aangesien ons o/16-seuns hul nuwe uitrustings ontvang het, maar steeds hul eerste oorwinning van die seisoen jaag. Gelukkig bly ons seuns vol hoop en doen steeds hul bes. Die o/14-seuns het hul eweknieë verstom deur al hul ligawedstryde hierdie seisoen te wen. Hulle het hulself bo-aan die lys geplaas vir die eerste helfte van die seisoen; net tyd en vasberadenheid sal wys of ons daar sal bly!



Skaak

Ses van ons leerders het deelgeneem aan die eerste Cape Town Metro Schools LSEN Rapid Skaaktoernooi. Al ons spelers het uitstekend gevaar en ons is baie trots op hul prestasies.

Josef Chumpitaz het vier van sy vyf wedstryde gewen en die 2de plek-trofee in die o/11-afdeling ontvang. Kestin Nomdee het drie van sy vyf wedstryde gewen en die 3de plek-trofee in die o/13-afdeling verower. Francois Roux het twee van sy vyf wedstryde gewen en een wedstryd gelykop gespeel, waarvoor hy 'n sertifikaat ontvang het. Keanu Smith het drie van sy vyf wedstryde gewen en ook 'n sertifikaat ontvang. Avuya Mnzini en Mikyle Wales het elk twee van hul vyf wedstryde gewen en sertifikate ontvang.



Ons leerders het ook tydens ons skool se jaarlikse skaaktoernooi aan hul eerste skaakligawedstryde deelgeneem. Josef, Keanu, Avuya, Kestin, Mikyle en William Pienaar het almal uitstekend gespeel en groot sportmangees getoon.

Ons span het ook hul eerste wegwedstryd van die seisoen teen Bonnytoun gespeel. Met oorwinnings deur Josef, Kestin en Alec Prentzler, asook 'n gelykopuitslag deur Keanu, het ons span hul eerste ligawedstryd van die jaar met 3.5-1.5 gewen. Baie geluk aan al ons skaakspelers met hierdie uitstekende begin van die seisoen!

Landloop

Ons is reeds meer as halfpad deur ons landloopseisoen, met vyf ligabyeenkomste wat suksesvol afgehandel is. Daar is nog net een ligawedloop oor voordat die Noordelike Sones-kampioenskappe in Kwartaal 3 plaasvind.

Ons atlete geniet dit om by verskillende skole deel te neem, nuwe vriende te maak en hulself op elke roete uit te daag. Met elke wedloop sien ons verbetering, deursettingsvermoë en groei. Welgedaan!

Ons is baie trots op die harde werk, dissipline en uitstekende sportmangees wat ons atlete week na week toon. Hulle verteenwoordig Paarl-skool met trots, beide op en langs die baan. Baie dankie aan al ons ouers en atlete vir hul toewyding en entoesiasme. Hou aan met die goeie werk – ons sien uit na 'n sterk einde van die seisoen!



Nuus uit die fases

Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase was hierdie kwartaal propvol pret, ontdekking en baie oulike dieremaats! Ons het saam meer geleer oor verskillende diere, hoe hulle lyk, leef en hoe ons hulle mooi moet versorg. Die temas was ekstra spesiaal, omdat die leerders die kans gekry het om regte diere van naby te ontmoet – iets wat groot opgewondenheid gebring het.

Een van die groot hoogtepunte was toe “Killer”, die skilpad, en sy maats by ons kom kuier het. Die kinders was baie nuuskierig en opgewonde om te sien hoe die diere regtig beweeg en lyk. Daar was groot glimlagte en baie vrae!

Ons het ook 'n lekker instappie geniet waar verskillende troeteldiere kom kuier het. Die leerders het met groot belangstelling gekyk hoe sommige diere oulike toertjies doen. Dit was 'n kwartaal vol lag, leer en nuwe ervarings – een wat ons beslis nog lank sal onthou!



Gedurende hierdie kwartaal het Lente Cloete 'n leierskapskursus aan ons Graad 3-leerders aangebied en almal het met lof geslaag. Hulle het die grondslag om in die toekoms uitnemende leiers te word.




Die Grondslagfase-opvoeders het groot pret gehad deur vir Wêreldboekedag as *Trolls* aan te trek en dit het baie opgewondenheid in ons fase veroorsaak.

Grondslag-Fase

Ons verwelkom Marietjie Mostert wat ons in die Graad 3E-klas tot die einde van die jaar gaan bystaan.



Op 29 Mei het ons afskeid geneem van een van ons talentvolle opvoeders, Lente Cloete, wat 'n opwindende nuwe reis by 'n nuwe skool begin. Sy het soveel oorspronklikheid, kreatiwiteit en warmte na ons gemeenskap gebring, en personeel en leerders sal haar teenwoordigheid baie mis. Ons sê dankie vir alles wat sy gedoen het. Sy sal altyd 'n spesiale plek in ons harte hê. Ons wens haar geluk, sukses en seën toe vir die toekoms en weet dat sy sal voortgaan om almal rondom haar te inspireer.



Funksionele Fase

Die leerders van die Funksionele Fase het onlangs deelgeneem aan 'n interaktiewe opvoedkundige program wat deur Eco Pilots aangebied is. Die sessie het leerders die geleentheid gegee om meer te leer oor verskillende troeteldiere en die verantwoordelikhede wat met hul versorging gepaardgaan. Tydens die aanbieding het leerders kennis gemaak met 'n hond, rot, hamster, hasie en marmot. Hulle kon die diere van naby waarneem, onder toesig met hulle speel en help om hulle te voer. Hierdie praktiese ervaring het hul begrip van dieregedrag en verantwoordelike troeteldier-eienaarskap versterk.

Al die leerders het die aanbieding baie geniet en dit as leersaam en verrykend ervaar.



Hierdie kwartaal was weereens 'n besige warboel van energie, opwinding en baie lag in die Intermediêre Fase!

Ons het met groot opgewondenheid Wêreldboekedag gevier, waar beide onderwysers en leerders aangetrek het soos hul gunsteling boekkarakters. Die skoolgange was gevul met verbeelding en kreatiwiteit, asof stories reg voor ons oë lewendig geword het.

Nog 'n hoogtepunt was Wêreldspeeldag, waar leerders die perfekte geleentheid gehad het om te ontspan, pret te hê en 'n welverdiende blaaskansie te geniet voor die toetsreeks sou begin. Die dag was vol onvergeetlike oomblikke met interessante speletjies en die vrolike gelag sal altyd deel van ons herinneringe wees.

'n Spesiale woord van dank gaan aan Andries Olivier wat ingestaan het terwyl Lehandri de Necker tyd saam met haar nuwe baba deurgebring het. Sy ondersteuning en toewyding is baie waardeer en het gehelp dat alles glad verloop het tydens haar afwesigheid.



Intermediêre Fase



Senior Fase

Die leerders het hulself gate uit geniet tydens Wêreldspeeldag. Dit was die perfekte kombinasie van leer, dink en pure pret!




Die graad 7-en 9-leerders het hul innerlike wetenskaplikes losgelaat tydens 'n opwindende Natuurwetenskappe-eksperiment. Met lakmoespapier, het hulle die pH-skaal prakties getoets. Verskeie huishoudelike produkte is deeglik ontleed om te bepaal of hulle suur, basis of alkalies is, wat vir groot opwinding in die laboratorium gesorg het.



Die Senior Fase is uiteindelik weer voltallig en gereed vir aksie! Ons is baie opgewonde om ons departementshoof, Monique Hougaard, na haar kraamverlof terug te verwelkom. Weereens baie geluk met die koms van die nuwe babatjie, Lienke.

In die Geografie-klas het die graad 8-leerders deeglik ondersoek ingestel na die kragte van die natuur en geleer hoe verskillende faktore, soos berge, 'n plek se temperatuur en reënvalpatrone beïnvloed. Dit was fassinerend om te sien hoe geografie ons daaglikse weer vorm.



Ons leerders is die afgelope kwartaal behoorlik bederf met nuwe toevoegings tot die speelterrein van die Werksvoorbereiding-en Funksionele Fase. Die speelarea is vergroot deur 'n gedeelte te plavei, wat meer ruimte vir spel en ontspanning geskep het.

Vir die sokker-entoesiaste is daar splinternuwe doelhokke aangekoop, en die gees loop hoog tydens elke pouse. Daar is ook twee nuwe basketbalnette geïnstalleer wat reeds groot aftrek geniet onder die leerders.

Die verbeterings het die speelterrein in 'n nog aangenamer ruimte omskep waar leerders kan oefen, speel en saamkuier.

En die opwinding is nog nie verby nie; binnekort word nuwe swaaie, 'n sandput, bankies en ander speeltoerusting ook bygevoeg.

Pouses was nog nooit so lekker nie!

Werksvoorbereiding





VKO Uitreik

Op Saterdag, 9 Mei het Graad R-onderwysers van 32 skole by Paarl-skool byeengekom vir 'n inspirerende en praktiese opleidingsessie wat gefokus het op die identifisering van ontwikkelings- en leeruitdagings by 5- en 6-jarige leerders, die toepassing van praktiese klaskamerstrategieë en die vestiging van sterk ondersteuningsnetwerke.

Die toegewyde terapeute en voorskoolse personeel van Paarl-skool se hulpbronnensentrum het demonstreer hoe eenvoudige, alledaagse voorwerpe omskep kan word in kragtige leerhulpmiddels om Graad R-leerders se neuro-ontwikkelingsvaardighede te versterk.

As deel van 'n dinamiese multidisciplinêre uitreikinisiatief het Paarl-skool se hulpbronnensentrum omvattende ondersteuning oor alle areas van Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) gebied. Onderwysers is toegerus met waardevolle kennis, praktiese strategieë en hernude selfvertroue om jong leerders se ontwikkeling en leer optimaal te ondersteun.



Professionele Ontwikkeling

Professionele ontwikkeling bly 'n hoë prioriteit by Paarl-skool en gedurende hierdie kwartaal het personeel waardevolle opleiding in verskeie vakgebiede ontvang.



Tamlin Abrahams en Reinette Barnard, ons fisioterapeute, het opleiding aangebied oor verskillende diagnoses.



Gustav de la Port het personeel toegerus met kennis oor kuberveiligheid.



Jo Coetzee en Madelein Swart het opleiding oor kognitiewe assessering aangebied.



Heilet Ollsson en Juanita Engelbrecht het gefokus het op skolastiese assessering.



Die nie-KS-personeel het ook opleiding van Anneline Norman ontvang oor Paarl-skool se privaatheidbeleid.

Deur hierdie geleentheid tot leer en ontwikkeling by te woon, bly ons personeel hul kennis en vaardighede uitbrei ten bate van ons leerders. Só bly ons getrou aan die volgende waarheid:

“Professionele ontwikkeling is nie 'n bestemming nie, maar 'n voortdurende reis van groei, leer en verbetering.”

Ondersteuningspan

Die arbeids- en fisioterapeute het insette gelever aan die Graad R-personeel van Watsonia Primêr. Opleiding is aangebied oor potloodgreep en grootmotoriese ontwikkeling. Die spraakterapeute het gehoorsiftings-toetse gedoen. Suster André het opleiding oor epilepsie aangebied.



Ons verwelkom graag vir Sophia du Pré by die ondersteuningspan. Sy neem as spraakterapeut waar in Hanrie se plek tydens haar kraamverlof.

Baie geluk aan Hanrie Challis (spraakterapeut) en haar man met die geboorte van hul eersteling. Klein Laudo Challis is op 29 Mei 2026 gebore.



PSOS

Paarl-skool Ontwikkelingstigting



Wie is ons?

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie.



Wat doen ons?

Die PSOS ondersteun die skool finansiëel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.



Hoekom doen ons dit?

Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, besighede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.

Wynveiling

Ons liefdadigheidswynveiling op 27 Mei te Eensgezind was 'n aand vol vreugde en opwinding. Ons is ongelooflik dankbaar vir elkeen se bydrae tot die aand se sukses. 'n Nuwe rekordbedrag is ingesamel, en elke donateur en gas se mooi gesindheid sal ons bybly. Baie dankie! Tot volgende jaar!



Loslitdag

Paarl-skool is pas weer gekroon as die topverkoper van Loslitdagplakkers in die Wes-Kaap vir 2025! Baie dankie vir elkeen se ondersteuning verlede jaar.

Ons kan nie wag vir hierdie jaar se Loslitdag op Vrydag, 4 September nie. Die tema vanjaar is "Beat As One: Rhythm Matters". Hierdie is een van ons belangrikste jaarlikse fondsinsamelings- en bewustheidsprojekte. Plakkers kan by die PSOS-kantoor teen R20 per plakker gekoop of bestel word. Skole en besighede kan ons ondersteun.



Woolworths My Difference

Paarl-skool Brackenfell

MY DIFFERENCE



Die Woolworths MySchool-program loop ten einde en word vervang met My Difference.

Paarl-skool gaan al hul bestaande ondersteuners aan hierdie lojaliteitsprogram verloor.

Ons vra dus dat u die Woolworths Toep sal aflaai, registreer en dan weer vir Paarl-skool as begunstigde kies. Baie dankie!

JOIN MY DIFFERENCE SUPPORT US

Loslitdag 2026

Loslitdag, die Nasionale Raad vir Persone met Gestremdhede se fondsinsamelings- en bewustheidsveldtog is hierdie jaar op Vrydag, 4 September – teken dit solank aan! Hierdie jaar se tema is “Beat as one” wat fokus op die erkenning van die inherente waarde, waardigheid en uniekheid van alle mense, ongeag hul vermoëns.

Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met

Woolworths My Difference kaarte.


Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die “swipes”!

Baie dankie vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.



Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skoolstories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.



Klik om te registreer

Klik om te volg




MEMO

Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.

Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



Kontakbesonderhede

Martie Wilmot:

ontwikkeling@paarlskool.org.za

Elizbè van der Colff:

psos@paarlskool.org.za

021 981 3756

071 972 2967

Paarl Skool School

Ontwikkelingsstigting
Development Foundation



Klub100

Met hierdie projek kan goeiehartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skoolleerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.

Pick-a-Pearl

Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.



Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingsstigting se webwerf!

<https://www.paarlschooldf.com/>

Klik vir webwerf

